
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 11




Op sy maag langs seil hy die vlak water in. Die branders breek in sy gesig, en ente ver swem hy met sy kop onder water. Hy mik tussen twee van die kaperbote in sodat hy die eerste bereik toe diė voor hom verbyvaar en hy net daarin slaag om die massiewe roer van agter vas te gryp. Hy trek hom uit die water uit en met sy arms en bene weerskante van die dik balke van die roer vasgeklem, klouter hy op totdat die stuurtoue hier vlak voor hom verbyloop. Hy gooi sy lyf skeef en hang aan een onderwyl hy dit met die mes deursaag. Sy regterarm voel lam toe die laaste vesels van die dik tou wat styf gespan was om die skip op sy sirkelkoers om die hawe te hou, uitmekaarskeur

Stofomslag Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 11



,,Daar dryf iets op die water, kaptein Ferlo,'' sing die wag uit die kraaines.

Reedert Ferlo tel die verkyker op waar dit voor hom op die reling van die kompanjiedek lê. Met 'n vinnige blik teen die mas op stel hy vas in watter rigting die wag beduie.

Dit lyk na 'n stuk dryfhout, maar bo-op is 'n swart bondel—dit mag die gestalte van 'n mens wees.

,,Die see is besaai met stukke van maste en seile!'' roep die wag weer. ,,Hier was kort gelede 'n woeste geveg.''

Reedert bespied die uitgestrekte, deinende watervlak om hulle heen—van die oosterkim tot die westerkim. Dit is soos die wag gesê het: daar was 'n seegeveg, maar dit kon 'n dag of 'n week gelede plaasgevind het. Gedurende die afgelope paar dae was die weer kalm en die wind het die seile maar speels laat wapper. Die stukke van die wrak sou dus nie ver van mekaar gedryf het nie.

,,Verander koers, stuurman,'' gebied Ferlo. ,,Laat ons sien wat op daardie hout dryf.''

Die Swart Seemeeu is 'n kaperboot met skaars dertig kanonne. dit is sierlik gebou en kloof met sy slap seile teen 'n redelike vaart deur die water.

Ferlo hou die verkyker op die voorwerp gevestig. Op tweehonderd tree is dit vir hom heeltemal duidelik dat dit die liggaam—of die lyk—van 'n mens is.

Die stuurman draai skuins teen die ligte bries op sodat die Swart Seemeeu amper roerloos langs die dobberende stukke mas wat nog deur die verflenterde seile aanmekaar gehou word, bly lê. Die groot kabbels wat deur die rollende skip veroorsaak word, dryf die hout met die liggaam daarop van die kant af weg. Reeds het 'n paar van die bemanning teen die trapleer afgeklim en van waar hulle net bo die watervlak hang, haak hulle die ruwe vlot nader.

,,Dit lyk my hy lewe nog, kaptein!'' beveel Reedert gespanne. ,,Ons sal graag wil hoor wat hy te vertel het.''

Een van hulle spring op die stuk mas, maar dit rol onder sy voete en met 'n gil tuimel hy die water in. Die ander lag en spot grof met hom. Die arme skepsel wat daar so roerloos lê, is ook amper die see ingeruk.

Hulle slaag daarin om hom op te tel en omdat hy skaars 'n geraamte is, word hy maklik op dek gebring.

Ferlo buk langs hom. Die man haal nog asem, maar sy oë is nou toe en hy is blykbaar bewusteloos. Dit is duidelik dat hy lank sonder voedsel was—miskien 'n week, moontlik langer. Sy baard is aanmekaargekoek, sy oë is hol en diep in hul kaste, sy een arm is kaal en dit is dun, asof net die vel oor die been getrek is.

„Dra hom na die kajuit langs myne,” versoek Ferlo op daardie sagte, half beleefde manier wat so onvanpas is in die geselskap waarin hy gedurig verkeer. En tog gehoorsaam die bemanning met 'n wakkerheid en geesdrif wat 'n mens nie sou verwag het nie.

Reedert Ferlo is skraal gebou. Hy is twee-en-dertig jaar oud. Sy gelaatstrekke is fyn en heeltemal aantreklik, maar sy oë is koud soos sy sagte stem. Daar is nie 'n man op die Swart Seemeeu wat nog nie agtergekom het wat agter daardie koel blik verskuil word nie.

Ferlo besit net hierdie enkele skip. Dit is selde dat hy as seerowerkaptein die oop see alleen invaar. Met die Swart Seemeeu sal hy nie veel haaraf maak aan die groot en goedgewapende handelsvaarders wat hier tussen die ooskus van Afrika en Madagaskar op die handelsroetes tussen Europa en die Ooste vaar nie.

Gewoonlik bied hy sy dienste vir die magtige kapteins van Deelenbaai aan en dan seil hy saam met hulle vlote en deel hy in die buit. Die jong Reedert Ferlo is gesog onder die seerowerkapteins, want hy is bekend as 'n man met 'n fyn oordeelsvermoë. In 'n geveg is hy soos die duiwel self. Hy stuit vir niks; hy skenk geen genade en hy verwag geen genade. En daar is selfs van hulle wat hom vrees, want so sag soos sy stem is so onpeilbaar diep is sy meedoënlose wreedheid.





Hy volg die paar seerowers toe hulle die man by die kajuit indra. Een van hulle is die sogenaamde arts op die Swart Seemeeu en hy begin om die skepsel te verpleeg. Ferlo staan by die patryspoort en tuur stil op die see uit asof hy onbewus is van wat om hom aangaan. Maar toe die man se oë skielik oopflikker, is hy met 'n enkele tree by—vinnig en tog asof hy hom glad nie ingespan het nie.

„Julle kan gaan,” deel hy die ander mee. „Te veel van ons mag hom afskrik. Ek wil met hom gesels—'n mens weet nie hoeveel hy sal kan praat nie, of hoe lank nie,” voeg hy gedemp by.

Ferlo is alleen met die vreemdeling wat hulle pas uit die see gered het.

„Ek is 'n vriend,” sê Reedert bedaard, maar duidelik. „Kan jy my hoor?”

Die twee bloedbelope oë is op hom gevestig. Hy verbeel hom dat die uitdrukking daarin intelligent is asof die man hom selfs herken.

„Ja,” kom dit hees en fluisterend.

„Wie is jy?” verneem Ferlo dan onderwyl hy laer buk om beter te kan hoor.

„O. . . Obregh. . . kaptein Haak. . .”

„Jy is een van kaptein Haak se manne?” Ferlo stel intens belang. Kaptein Haak is naas die Admiraal van Deelenbaai op die Indiese oseaan. „Dan sal jy my ken,” vervolg hy toe hy sien dat sy afleiding reg is. „Ek is kaptein Ferlo. Ek is jou vriend. Wat het gebeur?”

„Daar. . . daar was 'n geveg. Haak is dood. . . skepe almal gesink.”

Hierdie nuus tref Ferlo soos 'n vuishou. Hy staan orent. Kaptein Haak dood! Sy vloot verwoes! Net 'n teenstander met 'n vloot oorlogskepe sou so iets kon regkry.

„Wie?” verneem hy nou. „Wie het dit gedoen?”

„Oloff. . . kaptein Oloff. . .”

Ferlo se oë vernou. Hy kyk die man besorg aan—nie omdat hy veel omgee of die arme skepsel sy laaste asem hier uitblaas of nie, maar omdat hy so veel inligting as moontlik uit hom wil trek. Nou

wil dit voorkom asof die man yl. Hy moes lank daar op die stukke mas rondgedryf het.

Oloff? Die man praat onsin. Oloff en Haak is die twee kapteins met die hoogste aansien in Deelenbaai. Hulle beklee die ereposisies weerskante van die Admiraal aan die groot ovaaltafel waar die hof van Deelenbaai sit. Waarom sou Oloff teen Haak optrek en hom van die oppervlakte van die sèe afvee?

,,Kaptein Oloff en kaptein Haak is vriende,'' sê Ferlo met nadruk op elke woord sodat die ander hom moet verstaan. ,,Toe hulle laas uit Deelenbaai weg is, het kaptein Oloff na die suide gevaar en kaptein Haak na die noorde. Hoekom. . .?''

Die man probeer sy kop skud. Sy lippe bewe en sy onderkaak beweeg asof hy wil praat, maar die woorde nie kan uitkry nie. Hy probeer Ferlo keer asof dié op 'n dwaalspoor is.

,,Nee,'' kry hy dit eindelik uit. ,,Oloff. . . hy was op die Oosterprins. Haak het hom gevang. . .''

Ferlo tree teleurgesteld van die slaapbank terug. Die man praat deurmekaar. Hy praat onsin. Geen woord van hom sal as die waarheid aanvaar kan word nie.

,,Oloff het ontsnap,'' gaan die man tot Reedert se verbasing voort. ,,Toe val sy skepe aan. . . die Seewraak. . . Jansje Meer. . .''

,,Wanneer was dit?'' Ferlo staan met nuwe belangstelling nader. As die man yl, sal hy aanhou deurmekaar praat. Dan sal hy nie in staat wees om dieselfde storie te herhaal nie. Hy sal dit maklik kan toets.

,,Week gelede.''

,,Jy sê Haak het Oloff eers gevang?''

,,Ja. Oloff. . . wou die Oosterprins steel. . . Haak se prooi.''

,,Ek weet,'' sê Ferlo en hierdie uitlating stel hom tevrede. Hy weet dat kaptein Haak Deelenbaai verlaat het om die Oosterprins met sy ryk vrag voor te lê. Die man is dus nog by sy verstand as hy hierdie feite kan onthou.

,,Jy sê kaptein Haak is dood?''

,,Ja.''





,,Hy is dood omdat Oloff hom aangeval het en sy vloot vernietig het.''

,,Ja, hy het in die nag aangeval. Haak. . . het nie 'n kans gehad nie.''

,,Is daar nog van julle wat die slag oorleef het?''

,,Ek. . . ek weet nie. . . het nie gesien nie. . . ek dink ek is die enigste.''

'n Fyn glimlag speel om Ferlo se mondhoeke. Die uitdrukking in sy oë verander egter nie. Die lewe van die man hier voor hom het vir hom geen waarde nie—die inligting wat hy pas ontvang het wel!

,,Het Oloff die skepe net eenvoudig laat sink?'' vra hy weer.

,,Die buit. . . hy het alles eers gebuit.' Die man hoes hortend. ,,Water,'' vra hy so sag dat Ferlo hom skaars kan hoor.

,,Nou net,'' sê hy koel. ,,Ek sal nou-nou vir jou water stuur. Sê hy koel. ,,Sê my eers of jy weet hoekom Oloff hierdie ding gedoen het.''

,,Water,'' herhaal die man op die slaapbank flou.

,,Ek sê jou jy sal dit nou-nou kry. Waarom het Oloff dit gedoen?''

,,Water.''

Ferlo swaai vererg om. Hierdie vent is 'n seerower. Hy is een van die broederskap van Deelenbaai. En tog is daar gedagtes in Ferlo se kop aan die maal wat sulke moontlikhede vir die toekoms inhou dat hy nie graag sal wil hê dat hierdie man sy kennis aan iemand anders moet oordra nie.

Ferlo is maar een van die geringe kapteins in Deelenbaai. Aan die groot ovaaltafel waar hul posisies hul rang en status aandui, sit hy op die verste punt van die Admiraal. Reedert Ferlo sien sy toekoms baie helder. Die Admiraal is oud. Die dag sal kom dat hy nie meer daar is nie en dan wil hy, Reedert Ferlo, in sy stoel sit.

Hy is op die oomblik nie veel meer as 'n handlanger vir verskeie van die groter kapteins nie. Hy keer nou juis terug van 'n strooptog in die noorde saam met kaptien Markus Tarrog—Rooi Mark, soos hy bekend staan, en in rang die derde kaptein in Deelenbaai. Maar

nee, keer hy homself, nou dat Haak nie meer daar is nie sal Rooi Mark die tweede wees. Oloff is natuurlik nog die eerste.

En as Ferlo se vermoede dat Oloff sy seerowerbroeders in die rug steek en hulle prooi afneem juis is—en hy kan dit bewys—sal daar ten minste een struikelblok minder wees op sy pad na die Admiraalskap van Deelenbaai.

Maar dan moet hy hierdie inligting vir homself hou. Dit moet 'n wapen wees wat hy tot sy eie voordeel kan aanwend. Gelukkig het hy effens van Rooi Mark se vloot afgedwaal toe hy op die drywende gestalte afgekom het. Rooi Mark sal dus niks hiervan weet nie.

Maar nog minder moet Ferlo se eie bemanning weet. Die kêrel durf dus nie toegelaat word om te leef nie! Word hy gesond, sal hy sy ondervinding aan almal oorvertel.

,,Ek sal water stuur,'' sê hy kort-af oor sy skouer en stap na die deur toe. Hy sal die deur eenvoudig van buite sluit. Die skepsel sal nie te lank kan uithou nie.

In die kajuitdeur steek hy vas. Dit is asof iets hom aan sy skouer geraak het, maar hy weet dat dit net sy verbeelding is. Hy draai nogtans om en kyk stip na die slaapbank.

Die uitgeteerde seerower staar na die plafon met wyd oop oë. Ferlo stap stadig nader. Hy het die dood al te veel keer gesien om dit nie nou te herken nie.

Hy glimlag. Die vent maak sake vir hom baie maklik.

Hy keer terug na die kompanjiedek en beveel dat die lyk verwyder word. Hy deel sy stuurman mee dat die ou niks te sê gehad het nie—hy was te swak.

Die namiddag sluit hulle weer by Rooi Mark se vloot aan. Daardie aand eet Ferlo aan boord die Rooi Walvis, Rooi Mark se vlagskip. Ook hier meld hy niks van die voorval nie. Hy vertel net dat hulle 'n paar stukke dryfhout teëgekom het met 'n ou matroos daarop wat 'n oomblik nadat hulle hom gered het, gesterf het sonder om 'n woord te sê. Daar was niks aan hom waaraan hulle hom kon uitken nie.





Twee dae later kry hulle Deelenbaai in sig. Reedert Ferlo se opgewondenheid neem toe. Hy was nou, saam met Rooi Mark, 'n hele paar weke uit die hawe en hy weet nie of Oloff in die tussentyd teruggekeer het nie.

Maar hy was daar toe Oloff en kaptein Haak kort ná mekaar vertrek het. Almal het geweet dat Haak die Oosterprins gaan voorlê.

Dit is vir Ferlo duidelik dat Oloff hom wou voorspring. Om die een of ander rede—as die vent wat gesterf het sy feite reg agtermekaar gehad het—het Oloff aanboord die Oosterprins gegaan. Hy wou dalk vir 'n aanval van sy eie skepe voorberei, maar hier het Haak hom weer op sy beurt voorgespring. Hy het Oloff gevangene geneem, maar Oloff het ontsnap en Haak daarna met vloot en al die dieptes ingestuur.

Ten spyte van die effense spanning waarin hy verkeer, plooi Ferlo se mondhoeke in die enigste soort glimlag wat hy ken. Daar is van sy drome wat miskien baie gouer verwesenlik sal word as wat hy ooit gehoop het.

Voor hom lê Deelenbaai in die aandson wat uit die weste op die suidkus van Madagaskar skyn. Met die eerste oogopslag merk Ferlo dat Oloff se twee pragskepe, die Seewraak en die Jansje Meer, nie in die baai voor anker lê nie. Ook Haak se skepe is nie daar nie. Selfs nou kan Ferlo skaars glo dat daardie sterwende man die waarheid gepraat het en kort-kort verwag hy om te ontdek dat hierdie kennis wat hy so vertroetel maar net die skepping van 'n koorsagtige brein was.

Weerskante van die hawe loop reekse heuwels tot in die see. Dit omsluit die dorp soos 'n groot perdeskoen. Groot, plat skure op die voorstrand en lomp geboue daaragter verskaf huisvesting aan die menigte seerowers wat na hulle strooptogte hier kom rus, van hulle wonde herstel en plesier soek. Baie van hulle het gesinne wat in Deelenbaai woon. Daar is ook 'n groot slawekamp wat gedurig volgehou word—gewoonlik die bemanning van skepe wat deur die seerowers gebuit word. Hulle taak is om die uitgestrekte landerye

en boorde rondom Deelenbai te bewerk, en die beeste en kleinvee op te pas. Deelenbaai is gevolglik 'n self-onderhoudende vesting wat van die see sowel as van die land af teen die magtigste vlote en leërs bestand is.

Ferlo word aan wal geroei. Hy het geen afhanklikes aan land nie en knap homself op in een van die groot herberge waar hy 'n gerieflike kamer het. Daarna stap hy met ligte tred na die Hanekraai-tappery waar die hof van Deelenbaai vergader. Hier mag net die kapteins en hul offisiere met hul gades of metgeselle byeenkom. Daar is baie van hulle wat hom groet, maar ook baie wat hulle nie aan hom steur nie, want in Deelenbaai is haat, nyd, jaloesie en afguns baie na aan die oppervlakte.

Die massiewe, bebaarde Admiraal groet hom hartlik. Dit is jong kapteins soos Reedert Ferlo wat later hul eie vlote sal hê en die heersers van die Indiese Oseaan sal word. Dit is manne soos hy wat die Admiraal se skatkiste in die toekoms sal moet vul. Want almal wat van Deelenbaai gebruik maak, moet groot gedeeltes van hul buit as belasting aan die Admiraal oorbetaal.

Rooi Mark is reeds daar. Hy sit aan die Admiraal se regterkant—op Oloff se plek. Aan sy linkerhand, waar kaptein Haak gewoonlik sit, is iemand anders.

,,Kaptein Markus vertel my dat julle 'n suksesvolle paar weke agter die rug het!'' roep die Admiraal uit.

,,Hy kan dit weer sê,'' antwoord Reedert met 'n ligte buiging wat die ander laat lag, want hulle kan maar nie gewoond word aan die verfynde maniertjies van hierdie jong kaptein nie.

,,Ek wonder waar Haak en Oloff bly,'' sê die Admiraal dan. ,,Hulle is al geruime tyd hier weg.''

,,Hulle mag teenspoed gehad het,'' meen Ferlo en hy hou die gesigte om hom fyn dop.

,,Hulle!'' bulder die Admiraal. ,,Die twee magtigste kapteins wat nog ooit geleef het! Nee wat, hulle sal heelwaarskynlik eersdaags opdaag.''

Reedert Ferlo weet beter. Oloff sal kom, maar nie Haak nie.





Onopsigtelik kyk hy om die ovaaltafel wat voor die lang toonbank teen die agtermuur van die groot saal staan. Daar is tien plekke tussen syne en dié van die Admiraal.

Die dag sal kom, dink Ferlo onderwyl hy 'n skuimende beker bier na sy lippe bring, wanneer hy met sy gesig na die skare in die groot saal gekeer sal sit. As hy met sy vuis op die tafel slaan, sal almal in die vertrek stilbly en hom angstig aankyk. As hy lag, sal hulle lag. As hy van woede bulder, sal hulle bewe en vir hul ewe vrees.